Hoërskool Noord-Kaap

Skoolgeskiedenis

Kimberley het 'n ou en unieke geskiedenis. Minerale en groot gate kan dalk sinoniem met die stad wees, maar dit geld ook goeie onderwys en goeie skole – onder andere Hoërskool Noord-Kaap. Van 1943 tot 1975 was die skool bekend as die Tegniese Kollege Noord-Kaapland wat saam met die Noord-Kaaplandse Hoërhandelskool beroepsgerigte onderwys gebied het. In 1976 is die naam verander in Hoër Handelskool en in 1987 is op Hoërskool Noord-Kaap besluit. Vandag is dit 'n prominente skool in die Noord-Kaap en verder.

Die Tegniese Skool is steeds in Kimberley, maar funksioneer apart van Noord-Kaap. In sy dae as handelskool was mnr MK Brits die eerste hoof. Van 1986 tot 1995 was mnr DJ Pretorius prinsipaal, gevolg deur mnr AJ Snyman tot 2003. Hy is opgevolg deur mnr A du Plessis, wat tot 2005 aangebly het. Daarna het mnr HJ Brand, die huidige hoof, die leisels oorgeneem. Die leerlingtal het standhoudend toegeneem, van 402 in 1987 tot 1020 in 2007. Vandag is die Hoërskool Noord-Kaap een van die voorste skole in die provinsie, en word hy op akademiese, sport- en kultuurgebied hoog aangeskryf.

ADNITOR

STIGTINGSDATUM: 1943

LEUSE: ONS REIK NA DIE HOOGSTE

ADRES: HAYSTONWEG, HADISON PARK, KIMBERLEY

FNB

Rugby by Noord-Kaap

Noord-Kaap het sedert 1992 sewe spanne, 'n groot verbetering sedert die middel jare tagtig toe 'n enkele span skaars bymekaar geskraap kon word. Die kleure is olyfgroen, wit en grys. Die skool het wel 'n paar nasionale spelers opgelewer, maar nog geen Springbok nie. In 2001 is die losskakel Corrie Avenant vir die SA o.21 span gekies. Barnie du Plessis het in 2002 vir die SA o.19s op agsteman uitgedraf, en Deon Koen is vir die SA Akademiespan as haker gekies. PJ Vermeulen was in 2004 in die SA o.19 span sowel as 2005 toe hy die kaptein was. Die span van 2005 het die Wêreldbeker in Durban verower, en het spelers van die kaliber van Francois Steyn, Hilton Lobberts, Richardt Strauss en Chilliboy Ralepele ingesluit. Vermeulen is tans by Westelike Provinsie gekontrakteer.

Vermeulen is tans by Westelike Provinsie gekontrakteer. Jacques de Kock het ook in 2005 op buitesenter vir die SA Akademie se o.18 span gespeel. Dieselfde jaar is nog 'n buitesenter, Ronnie Cooke, vir die SA o.21 span gekies. Cooke, wat sedert 2006 by die Cheetahs gekontrakteer is, is die skool se bekendste oudleerling. Hy speel in 2008 in Frankryk.

Noord-Kaap het in die laaste paar jaar uitstekende vyftientalle opgelewer. Die spanne van 1998, 2000 en 2002 (wat deur Cooke aangevoer is) het almal goed presteer. Maar agter elke goeie span staan 'n goeie breier, en van hulle het Noord-Kaap baie gehad. Hannes Esterhuizen het die eerste span van 1992 tot 2002 uitstekend afgerig. Frankel Engelbrecht was by die 2005-2006-seisoene en weer in 2008 betrokke. Dale Adam is nou assistent. Sedert 1996 word in 'n uitgebreide Griekwaland-Wes-liga meegeding, en Noord-Kaap se eerste span het in vyf finale gespeel. In die proses het hy 27 Craven-weekspelers en 6 provinsiale kapteins opgelewer. Noord-Kaap se belangrikste derby is teen Hoërskool Diamantveld. Nog gereelde wedstryde is teen die Hoërskole Upington en Duineveld en die Landbouskool Jacobsdal. Maar die skool speel ook teen Grey Kollege en Sentraal van Bloemfontein, en verder weg teen Monument van Johannesburg, Paarl Gimnasium, Marlow van Cradock, en Oakdale van Riversdal. Die skool verbeter vinnig op 'n reeds indrukwekkende rekord.

Interessante feite

Noord-Kaap het in die laaste tyd 'n paar spelers opgelewer wat vyftig keer of meer vir die 1ste span gespeel het:

Deon Koen: 58 (1999–2002)
Marnus van der Merwe: 53 (1999–2001)
Frans Barnard: 53 (1992–95)
Johan Groenewald: 51 (1992–1995)
Konrad Myburgh: 50 (1999–2002)
Barnie du Plessis: 50 (1999–2001)
Chris Uys: 50 (1992–1995)
Donovan Cumberlidge: 55 (2002–04)
Divan Esterhuizen: 51 (2004-06)

"Noord-Kaap wil ervaring opdoen en sy rugbyhorison verder verbreed as die Noord-Kaapse liga en skole. Daarom speel die skool teen skole soos Marlow, Oakdale, Monument en Paarl Gim. Dis wat Grey Kollege in 'n sekere mate ook gedoen het, om teen skole buite jou plaaslike liga te speel. Dan raak jy plaaslik meer mededingend – 'n belangrike faktor as jy die beste leerlinge na jou skool wil lok."

— Hannes Esterhuizen (breier: 1992-2002)

"Ek werk reeds geruime tyd met baie laerskole in Kimberley, en hulle lewer voortdurend uitstekende rugbyspelers en spanne op. Die meeste van die bestes beland by skole soos Noord-Kaap en Diamantveld, en die meeste van die seuns in kleiner skole op omliggende dorpe kom na hierdie hoërskole om in die groter ligas te speel. Dis een van die redes waarom Noord-Kaap mededingend bly"

— Dale Adam (breier: 2008)